05 Augustus 2026

# DIE NG KERK SE ROEPING TOT INTEGRITEIT, GEREGTIGHEID EN HOOP IN 'N KONTEKS VAN KORRUPSIE

As burgers van God se Koninkryk is ons geroep om deur ons lewe en getuienis 'n voorsmaak, 'n teken én 'n instrument van God se geregtigheid en hoop in 'n wêreld van korrupsie te wees.
(Teologiese refleksie op korrupsie in Suid-Afrika, dr Christo Benade, ASM, November 2025)

Geagte broers en susters in Christus,

Die Algemene Sinode Moderamen (ASM) het die afgelope termyn by verskeie geleenthede intens oor die omvang en skadelike uitwerking van korrupsie in Suid-Afrika besin. Hierdie besinning het nie ontstaan uit politieke oorwegings nie, maar uit ons roeping as kerk van Jesus Christus om God se geregtigheid te soek, eerlike rentmeesterskap te bevorder en geloofwaardig in ons samelewing te getuig.

Teen die agtergrond van die ASM van 11-13 November 2025 se fokus en die voortgaande openbare gesprek oor korrupsie – dink byvoorbeeld aan die werk van die Madlanga-kommissie van ondersoek - en die voortdurende erosie van vertroue in openbare instellings, het die ASM dit goedgedink om die kerk opnuut uit te nooi tot gebed, geloofsonderskeiding en verantwoordelike openbare getuienis.

Hierdie stap is nie 'n geïsoleerde reaksie op onlangse gebeure nie. Dit vorm deel van 'n langer pad waarop die NG Kerk besig is om haar roeping as kerk in Suid-Afrika opnuut te onderskei.

## ONS VERTREKPUNT: GOD DRIE-ENIG WAT ONS ROEP

Die vertrekpunt vir die NG Kerk se betrokkenheid by enige publieke aangeleentheid is nie die politieke debat van die dag nie, maar die roeping van die Drie-enige God.

In die Roepingsverklaring wat die ASM in 2023 aanvaar het, bely ons dat God ons stuur

> *"om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, Sy geregtigheid en vrede."*

info@ngkerk.org.za
www.ngkerk.net
PBO nr: 930006591
H/v Pretorius & Jan Shoba Straat
(ingang Jan Shoba) Hatfield 0028
+27 (0)12 342 0092

Ons verklaar verder dat ons geroep word om

> *"lig en sout vir die wêreld te wees",*

om saam met gemeenskappe die nood van mense te verlig en as dissipels van Christus verantwoordelik in die samelewing te leef. Die verklaring sluit af met die woorde uit Miga 6 wat reeds die hartklop van ons publieke getuienis geword het:

> *"Ons wil doen wat reg is,*
> *ons wil liefde bewys,*
> *ons wil lewe voor U,*
> *bedagsaam loop."*

Juis vanuit hierdie roeping kan die kerk nie swyg wanneer korrupsie miljoene Suid-Afrikaners van waardigheid, veiligheid, ontwikkeling en hoop beroof nie.

**'N TEOLOGIESE GESPREK AS ONDERBOU VIR 'N OPENBARE STANDPUNT**

Hierdie oortuiging het daartoe gelei dat die ASM tydens sy vergadering van 11-13 November 2025 'n volledige sessie aan die tema *"Die kanker van korrupsie – en wie óns is..."* gewy het.

Die vergadering het geluister na getuienis uit die praktyk, onder andere oor korrupsie binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die persoonlike risiko's wat eerlike staatsamptenare en fluitjieblasers loop. Prof Anton van Niekerk en sy vrou, Amy, was by die vergadering teenwoordig. Dit was skaars drie maande nadat hul seun, die Johannesburgse prokureur Bouwer van Niekerk, sy lewe verloor het in sy stryd teen korrupsie. Die name van nóg tien Suid-Afrikaners wat op soortgelyke wyse gesterf het, het op kerse op elke vergadertafel gestaan. Hierdie oomblik het die vergadering diep geraak en die gesprek oor korrupsie uit die sfeer van abstrakte beleid na die werklikheid van menslike lyding gebring.

'n Uitgebreide teologiese refleksie het gevolg waarin korrupsie nie bloot as 'n administratiewe of politieke probleem beskryf is nie, maar as 'n geestelike krisis wat bots met die waardes van God se Koninkryk.

Na afloop van hierdie gesprek het die ASM die volgende kernbesluite geneem (sien volledige besluit hier):

- **Erkenning van die krisis:** Die ASM het sy diepe kommer uitgespreek oor die vernietigende impak van korrupsie op Suid-Afrika, veral op die armes en kwesbares, en oor die verlies aan hoop, veiligheid en vertroue wat dit meebring.
- **Getuienis saam met ander:** Die ASM het sy stem gevoeg by dié van ander kerke en Suid-Afrikaners wat die regering op alle vlakke oproep tot groter aanspreeklikheid, die herstel van geregtigheid en daadwerklike optrede teen korrupsie.

- **Selfondersoek:** Die ASM het leraars, lidmate, gemeentes en kerkvergaderinge opgeroep om ook hulle eie rentmeesterskap, integriteit en verantwoordbaarheid voortdurend in die lig van die evangelie te toets.
- **Pastorale begeleiding:** Die ASM het hom verbind tot ’n voortgaande proses van geloofsonderskeiding en pastorale ondersteuning vir lidmate wat daagliks met etiese uitdagings gekonfronteer word, asook vir persone wat as fluitjieblasers teen korrupsie optree.
- **Voortgesette implementering:** Die ASM het sy Dagbestuur opdrag gegee om konkrete voorstelle vir die uitvoering van hierdie besluite te ontwikkel, sodat die kerk se getuienis ook in die praktyk gestalte kan kry.

Die ASM het hiermee ’n belangrike beginsel gevestig: die kerk se geloofwaardigheid begin by haar eie lewe. Daarom gaan die gesprek oor korrupsie tegelyk oor ons eie integriteit én oor ons openbare getuienis.

**SAAM MET ANDER KERKE**
Vanuit dieselfde oortuiging het die NG Kerk doelbewus gekies om nie alleen op te tree nie.

Dit was reeds in Julie 2025 dat die NG Kerk deur afvaardiging deel was van ’n anti-korrupsiekonferensie wat deur die SA Raad van Kerke gereël is. Oud-hoofregter Raymond Zondo, me Tsakani Maluleke, Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, en Advokaat Kholeka Gcaleka, Openbare Beskermer van die Republiek van Suid-Afrika, het by die geleentheid opgetree. Hulle mededelings was ontstellend, al is dit nie onbekend dat daar soveel onregmatighede in ons land, veral onder politici en ander leiersfigure, aan die gang is nie. Die SA Raad van Kerke het ná hierdie konferensie oor tyd met lidkerke en verder in eie geledere beraadslaag, en uiteindelik is ’n Anti-Korrupsie Verklaring vroeg vanjaar uitgereik.

Tydens die gesamentlike ontmoeting tussen die leierskappe van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Mei 2026 is daar opnuut bevestig dat die twee kerke saam geroep is om "*sout en lig in die wêreld te wees, veral te midde van die uitdagings van gebroke geregtigheid, armoede, verdeeldheid en korrupsie in Suid-Afrika.*" As konkrete gesamentlike aksie het die twee kerke besluit om die SA Raad van Kerke se Anti-Korrupsie Verklaring te ondersteun en te onderteken.



Die Anti-Korrupsie Verklaring sluit volledig aan by die besluite wat reeds deur die ASM geneem is. Hiermee bevestig die NG Kerk dat haar stem nie ’n geïsoleerde stem is nie, maar dat die stryd teen korrupsie ’n gedeelde Christelike getuienis saam met ander kerke in Suid-Afrika is.

**DIE KERK SE GETUIENIS IN GESPREK MET DIE REGERING (AS PUBLIEKE GETUIENIS)**
Die NG Kerk se betrokkenheid het egter nie by verklarings geëindig nie.

Die Moderator, ds Jan Lubbe en die Algemene Sekretaris, dr Nioma Venter het tussen Julie 2025 en Julie 2026, as deel van afvaardigings van die SA Raad van Kerke, by drie afsonderlike geleenthede met President Cyril Ramaphosa en senior regeringsverteenwoordigers ontmoet.

Tydens hierdie gesprekke is die ernstige impak van sistemiese korrupsie, georganiseerde misdaad, die veiligheid van fluitjieblasers, die erosie van staatsinstellings en die dringende behoefte aan verantwoordbare regering met die President opgeneem. Die gesprekke het ook sensitiewe aangeleenthede rakende openbare vertroue en die integriteit van politieke leierskap ingesluit, waaronder die Phala-Phala-aangeleentheid. Die kerk se boodskap was deurgaans dat korrupsie nie slegs ’n ekonomiese of politieke vraagstuk is nie, maar ’n diepgaande morele en geestelike krisis wat die waardigheid van mense aantas en die toekoms van Suid-Afrika bedreig. Daar is beklemtoon dat die erosie van openbare vertroue een van die grootste uitdagings vir ons demokrasie geword het en dat eerlikheid, aanspreeklikheid en deursigtigheid noodsaaklik is vir die herstel daarvan.

Die NG Kerk beskou hierdie gesprekke nie as politieke betrokkenheid of as steun aan enige politieke party, regering of ideologie nie, maar as deel van haar roeping om, saam met ander kerke, ’n verantwoordelike openbare getuienis te lewer.

**BEDIENINGSPRAKTYK: VAN VERKLARING TOT GELOOFSONDERSKEIDING EN PRAKTIESE DISSIPELSKAP**
Die ASM nooi sinodes, ringe en gemeentes uit om die gesprek oor korrupsie nie bloot as ’n reaksie op die nuus van die dag te sien nie, maar as deel van ons roeping om Jesus Christus in ons samelewing te volg. Vanuit ons Roepingsverklaring kan die volgende vier bewegings rigting gee aan plaaslike gesprekke en optrede.

**1. Kerugma – Getuig van Christus se geregtigheid en waarheid**
*"...om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede."*

Gemeentes word aangemoedig om:
- die Bybelse verstaan van geregtigheid, waarheid, integriteit en rentmeesterskap in prediking, Bybelstudies en kategese te verdiep;
- lidmate toe te rus om hulle geloof ook in die werksplek, besigheid, staatsdiens en burgerlike samelewing uit te leef;
- ruimte te skep vir eerlike gesprekke oor die versoekings, druk en etiese uitdagings waarmee gelowiges daagliks gekonfronteer word; en
- lidmate te herinner dat korrupsie nie bloot ’n wetlike oortreding is nie, maar ’n sonde wat mense, gemeenskappe en die skepping benadeel en in stryd is met die waardes van God se Koninkryk.

2. **Koinonia – Bou geloofsgemeenskappe van integriteit**

*"...om in gemeentes veilige, vriendelike tuistes te help skep, waar mense dissipels van Jesus kan wees."*

Gemeentes word aangemoedig om:

- self 'n voorbeeld van verantwoordbare rentmeesterskap, deursigtigheid en goeie finansiële bestuur te wees;
- gereeld hulle eie bestuurs- en finansiële praktyke te evalueer in die lig van die evangelie;
- pastorale ondersteuning te bied aan lidmate wat weens hul integriteit onder druk, benadeling of intimidasie verkeer; en
- 'n kultuur van eerlikheid, aanspreeklikheid en wedersydse vertroue binne die geloofsgemeenskap te bevorder.

3. **Diakonia – Dien gemeenskappe met hoop en geregtigheid**

*"...om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en die bediening van hoop."*

Gemeentes word aangemoedig om:

- die werklike impak van korrupsie op armes, kwesbare gemeenskappe en openbare dienslewering raak te sien en daaroor te besin;
- saam met ander kerke en burgerlike organisasies te werk waar dit verantwoordelik en gepas is om integriteit en geregtigheid te bevorder;
- mense wat die moed het om korrupsie aan die kaak te stel, in gebed en pastorale sorg te ondersteun; en
- deur konkrete diens en barmhartigheid tekens van God se Koninkryk sigbaar te maak waar korrupsie hoop vernietig.

4. **Leitourgia – Leef vanuit aanbidding en afhanklikheid van God**

*"...om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om leiding te neem in die bediening van sy Woord en dié roeping wat God op ons harte lê."*

Gemeentes word aangemoedig om:

- gereeld vir Suid-Afrika, sy leiers, staatsinstellings, die regsbank, wetstoepassingsagentskappe en almal wat hulle vir geregtigheid beywer, voorbidding te doen;
- ook te bid vir ondersoekende joernaliste, fluitjieblasers en openbare ampsdraers wat met integriteit diens lewer;
- geleenthede vir belydenis, selfondersoek en bekering te skep waar ons ook ons eie medeverantwoordelikheid vir ongeregtigheid erken; en
- voortdurend te onthou dat ons uiteindelike hoop nie in politieke of institusionele hervorming lê nie, maar in die heerskappy van Christus en die koms van sy Koninkryk.

**SLOTGEDAGTES**

Die ASM wou in al sy gesprekke tot dusver beklemtoon dat die stryd teen korrupsie nie bloot 'n veldtog teen onetiese optrede is nie. Suid-Afrika bevind haar tans op verskeie fronte in 'n kritieke tyd. Die werk van die Madlanga-kommissie bring week na week ernstige getuienis oor beweerde korrupsie en die infiltrasie van staatsinstellings aan die lig. Die voortgesette vrae rondom die Phala-Phala saak, tesame met 'n toenemende klimaat van politieke wantroue in aanloop tot die plaaslike verkiesing, beklemtoon hoe noodsaaklik geloofwaardige, etiese en verantwoordbare leierskap op alle vlakke van die samelewing geword het.

Juis daarom kan die kerk nie swyg nie. Ons word geroep om in woord en daad getuies van Christus se geregtigheid en vrede te wees. Hierdie roeping begin by onsself: deur eerlike selfondersoek, voortdurende bekering en 'n lewe van integriteit en verantwoordbaarheid, sodat ons getuienis geloofwaardig kan wees.

Ons bid dat hierdie omsendbrief gemeentes, ringe en sinodes sal inspireer tot 'n hernude verbintenis om die waarheid te leef, geregtigheid te bevorder en die gemeenskap met nederigheid en praktiese diensbaarheid te dien. Só vertrou ons dat die NG Kerk, saam met ander kerke en alle mense van goeie wil, sal bydra tot die herstel van vertroue en die bou van 'n gesonde en florerende samelewing.

Mag die Here ons hierin lei, help en toerus om sout en lig vir die wêreld te wees.

Vriendelike groete



**DR NIOMA VENTER**
**ALGEMENE SEKRETARIS**